

CHRISTUS SE LIEFDE OORWIN



Matteus 27:42: “Ander het hy gered, maar homself kan hy nie red nie.”

Toe Christus gekruisig is, het daar verskeie mense rondom die kruis gestaan. Asof die lyding wat Hy moes deurmaak nie genoeg was nie, begin hulle om Hom te spot met die woorde van ons teks.

In die eerste deel daarvan sê hulle: “Ander het Hy gered”, maar ... dit is mos die waarheid! Ondanks hulle vyandskap en haat, moet hulle tog die waarheid praat en erken dat Hy ander verlos het. Siekes het Hy gesond gemaak, kreupeles laat loop, blindes laat sien en dooies opgewek. Maar wat van baie groter belang is, is dat Hy sondaars gered het deur hulle van hulle sondes te verlos. Dat Hy ander verlos het, is waar. Selfs sy vyande moet dit erken.

As hulle egter verder sê dat Hy Homself nie kan red nie, is dit ‘n leuen. Hy kan van die kruis afkom as Hy wil. Kort tevore het Hy nog gesê dat as Hy daarvoor sou vra, die Vader

meer as twaalf legioene van engele beskikbaar sal stel om Hom te bevry (Matt. 26:53). Maar Hy wil nie van sy lyde verlos word nie, want in sy liefde vir ons wil Hy tot die einde toe bly ly om ten volle versoening te doen vir ons sondes. Daarom is dit nie die spykers wat Hom aan die kruis gehou het nie maar sy liefde, sy liefde vir ons as sondige en skuldige mense.

Hieruit is dit duidelik dat die skynbaar magtelose Jesus in werklikheid die Magtige van God is, die Magtige in liefde. Op Golgota oorwin Christus se liefde vir ons as sondaars. En deur sy Heilige Gees laat Hy ons deel in sy oorwinning. Daarop moet ons antwoord met ‘n intense liefde teenoor Hom en ‘n lewe wat aan Hom toegewy is.



Publikasie
Publication



Nr./No.: H06